


# HOE OM BARSTE EN KLAMHEID IN JOU HUIS TE VOORKOM



**HOAP**

PAMFLETTE MET RAAD VIR DIE HUISEIENAAR









## PROBLEME MET KLAMHEID

Klamheid kan uit die grond opstyg in die vloere van 'n huis, dit kan ook deur gebarste mure of deur 'n lekkende dak inkom. Klam toestande kan gesondheidsprobleme veroorsaak soos griep of longkwale, en dit kan ook skade aanrig aan bakstene, pleister, matte, meubels en klere.

As jy huis bou of laat bou moet jy klamheid keer deur barste te vermy en die dak, vloer en mure waterdig te maak.

## HOE OM BARSTE TE VERMY



### • Hou 'n ogie oor vakmanskap

Maak seker dat die opgrawings vir jou huis se fondament behoorlik gedoen word en dat die beton behoorlik gemeng en gegiet word. Die beton moet die regte samestelling hê (6:3:1). Dit beteken dat jy vir elke hoeveelheid sement drie keer soveel sand en ses keer soveel stene moet gebruik. Moenie te veel water byvoeg nie, want dit sal die mengsel swak maak. Vir elke hoeveelheid sement moet jy die helfde hoeveelheid water gebruik.

### • Gooi 'n fondament wat afreik tot by die vaste lae van die grond

As ander huise in jou omgewing barste het, is daar miskien sagte grond op jou erf, of daar kan dalk klei wees wat uitsit as dit nat word. Vra mense met ondervinding om jou raad te gee oor goeie fundamente.

### • Maak seker dat jou fondament die regte grootte het

Die fondament moet groot genoeg wees om die gewig van die mure oor die grond te versprei. Die algemene reël is dat die fondament drie keer so breed moet wees as die betonblokke van die muur, en dieselfde hoogte moet hê as 'n betonblok. Die fondament moet dus 450 mm breed wees en 150 mm hoog vir 'n muur van betonblokke wat 140 mm breed is, en dit moet 600 mm breed en 200 mm hoog wees vir 'n muur van betonblokke wat 190 mm breed is.


### • Versterk jou mure op swak plekke

Gebruik twee rye "brickforce" tussen die rye betonblokke oor die bokant van vensters en deure. "Brickforce" word in rolle verkoop en word gebruik om mure van betonblokke aan die bokant van mure te versterk, en soms ook bó en onder vensters en deure.


### • Gebruik los lasplekke vir mure wat onafhanklik van mekaar hul uitendelike staan gaan kry (settle)

Die betonblokke of bakstene van jou mure moenie oorvleuel of oormekaar gryp waar buitemure en binnenshuise mure hoeke vorm nie, of waar nuwe mure hoeke met ou geboue vorm nie. Die lasplekke moet reguit en vertikaal wees as die onderskeie mure onafhanklik van mekaar hul staan kry (settle). Die klein barste tussen die vertikale lasplekke kan opgevul en oorgeverf word wanneer die mure hul uiteindelijke staan gekry het (stopped settling).

## DIE BELANGRIKSTE RAAD IS:







- KRY RAAD BY DIE MENSE MET DIE NODIGE ONDERVINDING
- LÊ GOEIE FONDAMENTE
- MAAK JOU DAK, VLOER EN MURE WATERDIG



### HOE OM JOU DAK WATERDIG TE MAAK

- Die helling van jou dak moet pas by die materiaal wat jy gebruik.
- Maak seker dat die dakplate mekaar met die afstand oordek wat aanbeveel word. Die oorvleueling moet nie in die rigting wys waaruit die reën gewoonlik val nie.
- Dit is beter om gate in die dakplate te boor vir dakskroewe, eerder as om gate in die plate te kap.
- Maak seker dat jy die skroewe vir die dakplate nie te diep indraai nie, omdat dit die dakplate kan beskadig. Draai dit net diep genoeg in om die plate dig en styf vas te hou.
- Maak seker dat jy die regte aantal skroewe gebruik, en dat hulle op die regte plekke aangebring word. Maak ook seker dat elke skroef se sluitring (washer) op sy plek is.
- Maak ook seker dat die regte nokbalke (ridge pieces) op die regte manier bo-op die dak aangebring is.

## HOE OM MURE WATERDIG TE MAAK



- Bou hol baksteenmure as jy dit kan bekostig. Dit bestaan uit twee rye bakstene met 'n gaping van 50 mm tussen hulle. Hou die gaping skoon terwyl jy bou, en maak seker dat die draadverbindinge tussen die twee rye bakstene skuins na die buitekant toe afloop.
- Vir mure van betonblokke moet die dagha (mortar) in die regte verhouding (1 : 5) aangemaak word, oftewel 1 emmer sement vir elke 5 emmers sand. Dit moet binne twee ure gebruik word nadat dit aangemaak is. Voeg minstens 1/4 eenheid water by vir elke eenheid sement. Die mengsel moet nie loperig wees nie, maar soos klonterige pap.
- In nat gebiede soos Wes-Kaapland moet jy besonder versigtig wees as jy jou mure pleister en verf.
- Plaas 'n vogdigte laag (VDL) op die eerste ry betonblokke, minstens 150mm bó die voltooide grondvlak. VDL is 'n dik plastieklaag (sheeting) wat jy by ysterware- of boumateriaalwinkels kan koop. Kies 'n produk met die SABS-merk. Maak seker dat dit VDL op lasplekke en op hoeke oorvleuel sodat daar geen oop spasies oorbly nie. Gooi dan 'n laag dagha (mortar) op die VDL vir die volgende laag betonblokke.
- Maak die oorhangende gedeelte van die dak groot genoeg, ten minste 200 mm, veral aan die kant van waar die reën gewoonlik kom.
- 'n Goeie lugvloei of ventilasie in jou huis voorkom dat water op koue mure kondenseer. Soleer jou huis deur 'n plafon in te sit.
- Indien die grond na jou huis toe afhel, kan 'n "betonlint" ('n pavleide strook van 'n halwe meter breedte) of afvoersloot help om die reënwater van jou mure af weg te lei.

### WENKE:

- Gebruik altyd boumateriaal van 'n goeie kwaliteit.
- Volg die instruksies van die vervaardigers.
- As jy 'n tuin anlê, kan dit daartoe bydra dat reënwater in die grond wegsyfer.



### LEES OOK DIE ANDER PAMFLETTE OOR:

- Hoe om jou huis te pleister
- Hoe om 'n boukontrak te gebruik



CITY OF CAPE TOWN  
ISIXEKO SASEKAPA  
STAD KAAPSTAD

Gepubliseer by Development Action Group  
101 Laer Hoofweg, Observatory, 7925  
Tel: (021) 448-7886 • Faks: (021) 447-1987